HANDLEIDING
STIGTING VAN ’n
ORANJE SAKEKAMER

1 INLEIDING

Die begrip “Oranje Sakekamer” word gevestig onder volksgenote ten einde die Afrikaner op ekonomiese terrein saam te bind. Dit bied ’n unieke simbool waarmee Afrikaners hulself onderskei van ander soortgelyke strukture regoor Afrika.

Oranje Sakekamers word gestig om te voldoen aan die vereistes wat gestel is in die Grondwet en Reglement van die ORANJE SAKESTIGTING wat as oorkoepelende struktuur gevestig is tot voordeel van die Afrikanervolk wie volksnasionalisme bevorder.

Hierdie Handleiding bied kort riglyne aan voornemende persone in die sakewêreld om deel te neem aan die proses om die Afrikanerdom se ekonomiese kragte saam te snoer ter versterking van ons volk se staanplek in hierdie land.

Die netwerk van Oranje Sakekamers en die Oranje Sakestigting streef daarna dat die werksaamhede te alle tye professioneel sal wees.

2 SO STIG ONS ’n SAKEKAMER

2.1 Opname

Ten eerste moet gesprekke gevoer word met vooraf geidentifiseerde sakemanne in die gemeenskap wat hulle kan vereenselwig met die strewes van die Oranje Sakekamer. Die gesprekke stel u in staat om te bepaal hoeveel sakemanne lid van die te stigte Oranje Sakekamer gaan wees.

2.2 Inligting

Vervolgens word die Grondwet/Reglement van die Oranje Sakekamer aan belangstellendes beskikbaar gestel. Vrae kan tydens die geleentheid gevra word en waar klinkklare antwoorde nie verstrek kon word nie, kan dit later beantwoord word deur skakeling met die Oranje Sakestigting te doen.

Dit is belangrik om daarop te let dat finansiële verpligtinge, die bepalings van die reglement en die strewes van die Oranje Sakekamer, duidelik uitgespel word.

2.3 Reklame

Die beplande stigtingsvergadering word waar moontlik in die plaaslike media bekend gestel, en ander belangstellende sakemanne kan selfs uitgenooi word na die stigtingsvergadering. (Dit hang ten nouste saam met die grote van die dorp of stad.) In kleiner dorpe ken die sakemanne mekaar goed genoeg maar in stede kan sakemanne onbewus wees van die stigting en per abuis nie genooi word)

2.4 Beplan die Stigtingsvergadering

Beplan die stigtingsvergadering deur byvoorbeeld die volgende in ag te neem:

- ’n Geskikte datum wat al die sakemanne pas
- ’n Lokaal wat voldoen aan die vereistes vir die geleentheid
- Oorweeg die moontlikheid van verversings om atmosfeer te skep
- Maak seker dat alle sakemanne die nodige inligting ontvang het wat vooraf aan hulle beskikbaar gestel is.
- In sekere gevalle kan ’n woordvoerder van Oranje Sakestigting genooi word om die geleentheidspreker te wees.
- Maak seker dat die sakelys behoorlik opgestel is

2.5 Die stigtingsvergadering

Na afloop van die informele gebeure soos in Punt 2.4 gestel, word die vergadering gehou, verkieslik op eg Afrikaanse wyse.

- Vra voorstelle vir ’n voorsitter vir hierdie Stigtingsvergadering
  (Gewoonlik word die inisieerder gevra om voort te gaan)
- Vra iemand om as notulerende sekretaris op te tree vir hierdie eerste vergadering
- Die sakelys kan ondermeer soos volg lyk:

1 Opening
2 Verwelkoming
3 Teenwoordigheid
4 Doel van Vergadering
4.1 Stigting van ’n Oranje Sakekamer
4.1.1 Ondertekening van Lidmaatskapvorm (Hierby aangeheg)
4.1.2 Betaling van ledegeld word by ondertekening gedoen
4.1.3 Bevestig die naam: Oranje Sakekamer, Plus die dorp/ stad naam

4.2 Verkiesing van bestuur
Voorsitter, O.Voorsitter, Sekretaris/Penningmeester & bykomende lede

4.3 Opstel van Mediaverklaring
(Indien nodig)

4.4 Beplanning
4.4.1 Vergadering datums vir die jaar
4.4.2 Onderlinge samewerking en ondersteuning moontlikhede
4.4.3 Identifisering van plaaslike behoeftes
4.4.4 Open bankrekening

4.5 Bykomende sake

5 Afsluiting

3 REGISTRASIE

Na afloop van die stigtingsvergadering behoort die volgende sake onverwyld aandag te geniet ten einde momentum te gee aan die totale proses:

3.1 Registrasie van lede

- Die lede van die Sakekamer registreer elkeen op die meegaande registrasievorm nadat die ledegeld betaal is aan die penningmeester.
- Die registrasievorms word deur die bestuur aangewend om besonderhede aan die Oranje Sakestigting beskikbaar te stel

3.2 Affiliasie by Oranje Sake Stigting

- Vul die meegaande ledelys vorm in
- Betaal die affiliasie geld aan Oranje Sakestigting
- Stuur bewys van inbetaling, tesame met ledelys aan Oranje Sakestigting
- Hou rekord van Sakekamer ledelys